——oOo——

# DIE „EPISTRE AU LECTEUR" VAN CALVYN

Die gangbare opvatting ten opsigte van Calvyn se kuns- en musiekbeskouing soos dit blyk uit musiekgeskiedkundige bronne, stel hom voor as totaal wars van enige vorm van kuns. Hierdie opvatting spruit voort uit 'n gewaande koue intellektualisme van die Calvinistiese teologie, wat skry-

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

'n harde en droë gees, . . . . . toon die gebrek aan warmte van die hart, wat Luther so geliefd maak. Sy teologie . . . . . is die vyand van alle vermaak en alle afleiding, selfs van die kunste en van musiek. Calvyn is 'n tipe van outoritêre dogmatisme, anti-liberaal, anti-kuns, anti-menslik en anti-christelik,"[1] of: „Calvin, unlike Luther, seems never to have recognized music as a means of religious expression, scarcely even to have appreciated it as an aid to devotion."[2] Afgesien van enkele werke, bv. die algemene ensiklopedie „Die Musik in Geschichte und Gegenwart" (1949-1955), waarin artikels verskyn oor „Calvinistische Musik" (H. A. Bruinsma) en „Calvin, Johannes" (W. Blankenburg), het die resultate van die Calvyn-studies van

1. O. Douen: Clement Marot et le psautier huguenot, Parys, 1878-79, I, p. 375 e.v.
2. J. P. Hullah: The History of modern Music, London, 1875, p. 57, aangehaal deur C. Garside in „Calvin's Preface to the Psalter," in „The Musical Quarterly," XXXVII, p. 566.

die afgelope ongeveer veertig jaar feitlik onopgemerk gebly in musiekhistoriese werke, sodat selfs in 1946 nog in 'n vooraanstaande tydskrif gelees kon word van „Calvin's indifference, or rather hostility, to music."[3]

Die volgende bespreking poog om Calvyn se idees oor en sy houding teenoor musiek daar te stel, soos dit tot uitdrukking kom in sy „Epistre au Lecteur," d.i. die Voorwoord tot die eerste Geneefse Psalmboek (1542-43) (Opera Calvini, VI, p. 170 e.v.). Hoewel daar in sy kommentare ook talle uitsprake ten opsigte van musiek te vinde is, is hierdie Voorwoord waarskynlik die belangrikste en omvattendste enkele bron wat kan lei tot 'n behoorlike waardering van Calvyn se musiekbeskouing.

Die eerste deel van die Voorwoord, soos dit verskyn het in die 1545-uitgawe van die Geneefse Psalter (toe nog onvoltooid t.o.v. die getal Psalms wat daarin opgeneem is), is oorspronklik geskryf vir 'n uitgawe van die Psalmboek in 1542. In 1543 het Calvyn die oorspronklike Voorwoord tot byna dubbel sy aanvanklike lengte uitgebrei en die geheel as Voorwoord vir die eersgenoemde uitgawe gebruik.

In die eerste gedeelte (1542) behandel Calvyn eers die preek, die gebed en die sakramente en kom dan weer terug op die gebed. Die rede hiervoor lê daarin dat hy tussen twee vorms van gebed onderskei, nl. „die met die woord alleen en die ander met sang,"[4] en hy dus nog in 'n paar slotreëls die tweede gebedsvorm moet bespreek. In hierdie bespreking toon hy eers kortliks aan dat die gesonge gebede reeds vanaf die eerste aanvange van die kerk gebruiklik was en dat ook Paulus van hierdie twee gebedsvorme praat. Deur op hierdie wyse die gemeentelike sang as gebedsvorm te sien, maak Calvyn daarvan een van die hoekstene van die erediens, aangesien hy vroeër in die Voorwoord uitdruklik daarop wys dat, op bevel van Christus, die prediking van Gods Woord, die gebede en die bediening van die sakramente nagekom moet word.

Hierna noem Calvyn die groot psigologiese krag van vokale musiek, wat hy uit eie ervaring ken: „En inderdaad weet ons uit ondervinding dat sang groot krag en energie (force et vigueur) het om die harte van die mense te beweeg en te laat ontvlam om God met 'n kragtiger en gloeiender ywer aan te roep en te prys." Die musiek met sy besondere mag oor die hart van die mens, moet dus in die erediens gebruik word om dit (die hart) in die regte rigting te buig ter intensifering van die gebed. Hierop volg onmiddellik die waarskuwing dat die lied nie ligsinnig en oppervlakkig mag

3. W. E. Buszin: Luther on Music, in: The Musical Quaterly, XXXII, p. 80.

4. „Epistre au Lecteur". Tensy anders vermeld, is alle verdere aanhalings vertalings uit die Voorwoord.

wees nie, maar dat dit gewig en majesteit (poids et maieste—'n uitdrukking wat Calvyn aan Augustinus ontleen) moet hê.

Ten slotte onderskei Calvyn tussen „die musiek wat mens maak vir die vermaak van mense aan tafel en in hulle huise, en die Psalms wat in die Kerk gesing word in die teenwoordigheid van God en Sy engele."

Die 1543-byvoegsel tot die Voorwoord vorm 'n aaneenlopende geheel met die teks van 1542 en dit is net 'n voetnootverwysing by die laaste woord van die 1542-teks wat die feit verraai dat die laaste deel op 'n later datum geskryf is. In teenstelling met die eerste deel, word hier uitsluitlik gehandel oor musiek (sang).

Nadat in die aanvangsin daarop gewys is dat die sang „selfs in die huise en op die velde vir ons 'n aansporing en as't ware 'n orgaan van lof aan God (is), en om ons harte tot Hom op te hef, om ons te vertroos deur te mediteer oor sy deugde, goedheid, wysheid en geregtigheid—dit wat meer nodig is as wat 'n mens kan sê—," volg 'n uiteensetting van die redes vir die musikale puritanisme van die Calvinistiese Kerk. In hierdie betoog tree die faktore wat 'n rol gespeel het in die vorming van Calvyn se musiekbeskouing, die een na die ander aan die lig.

1. „In die eerste plek is dit nie sonder rede nie dat die Heilige Gees ons so noukeurig in die Heilige Skrif vermaan om ons in God te verbly en dat al ons vreugde dáár tot die ware doel gerig word, want Hy weet hoeveel ons geneig is om ons in ydelheid te verheug. Soos ons natuur ons dus trek en ons beweeg om alle vorme van dwase en bedorwe vreugde te soek, so skenk die Here aan ons, om ons af te trek en te weerhou van die versoekinge van die vlees en die wêreld, alle moontlike middele om ons besig te hou in daardie geestelike vreugde wat Hy so baie aanbeveel. Nou is onder die dinge wat geskik is vir die vermaak van die mens en aan hom genot verskaf, musiek die eerste, of een van die vernaamste; en dit is nodig dat ons daaraan dink dat dit 'n Gawe van God is, afgesonder vir dié gebruik. Verder, op grond hiervan, behoort ons des te versigtiger te wees om dit nie te misbruik nie, uit vrees dat ons dit sal besoedel en bevlek en dit daardeur tot ons verdoeming, omskakel, terwyl dit bedoel was vir ons voordeel en gebruik. As daar geen ander oorweging was as slegs hierdie nie, behoort dit ons inderdaad te beweeg om die gebruik van musiek te matig sodat dit alle eerbare dinge sal dien en dat dit nie 'n aanleiding vir ons sal wees om vrye teuels te gee aan losbandigheid of om onsself verwyfd te maak in wanordelike genoeëns nie, en dat dit nie die instrument sal word van wellustigheid of van enige skaamteloosheid nie."

Calvyn se gedagtegang kan soos volg opgesom word:

(a) Die eis van Gods Woord in verband met die vreugde van die mens is dat hy hom *in God* moet verbly.

(b) God eis, maar omdat die menslike natuur bedorwe is, gee Hy self die middele waardeur die mens aan die eis gevolg moet gee. Die gawe in hierdie geval is die musiek.

(c) Die sondigheid van die mens kan lei tot misbruik van die gawe van *God*. Vandaar die Calvinistiese eis van matigheid in die gebruik daarvan.

2. „Maar daar is nog meer: Daar is skaars iets in die wêreld wat meer in staat is daartoe om die sedes van die mense in hierdie of daardie rigting te draai of te buig, soos Plato dit verstandiglik beskou. En inderdaad, ons vind uit ondervinding dat dit 'n geheime en bykans ongelooflike krag het om ons harte in die een of die ander rigting te beweeg. Ons behoort daarom selfs nog yweriger te wees om dit op so 'n manier te reguleer dat dit vir ons nuttig en op geen wyse skadelik sal wees nie."[5] Hierin is dan vervat die tweede rede vir die eis tot 'n matige gebruik van die musiek, nl. sy geweldige krag oor die menslike hart en sedes. Calvyn se sobere gebruik van musiek het nie berus op onkunde of antipatie nie, maar juis op 'n kennis van die oorsprong en buitengewone krag daarvan en van die bedorwenheid van die mens.

Voorts kom Calvyn tot 'n nadere verklaring van sy onderwerp: „As ek nou van musiek praat, verstaan ek twee dele, naamlik die letter of onderwerp en stof; tweedens die lied of melodie." Hy glo saam met Paulus dat „elke slegte woord goeie sedes bederf (verdraai), maar as die melodie daarby is," meen hy, „deurboor dit die hart baie kragtiger, en dring dit binne; soos die wyn deur 'n tregter in die vat gegiet word, so word die gif en korrupsie deur die melodie in die dieptes van die hart gelei." Die melodie is dus vir hom 'n konsentrator van sy teks en dit is voor die hand liggend dat dit ook moet geld vir die „goeie" woord. Dit staan dus nog soos in 1542 in 'n dienende funksie toe die teks: dáár om die hart in die regte rigting te buig ter intensifering van die gebed en hier om die woorde in die hart in te lei. Dieselfde reëling van die woord-toon-verhouding blyk ook uit die

5. Dit is interessant om die volgende uit Luther se „Lof aan die Musiek" hiermee te vergelyk: „Das einige kann ich jetzt anseigen, welches auch die Erfahrung bezeuget, dass nach dem heiligen Wort Gottes nichts so billig und so hoch zu rühmen und zu loben, als eben die Musica, nämlich aus der Ursach, dass sie aller Bewegung des menschlichen Herzen ein Regieren, ihr mächtig und gewaltig ist, durch welche doch oftmals die Menschen, gleich als von ihrem Herrn, regieret und überwunden werden. Denn nichts auf Erden kräftiger ist, die Traurigen fröhlich, die Fröhlichen traurig, die Verzagten herzenhaftig zu machen, die Hoffärtigen zur Demut zu reizen, die hitzige und übermässige Liebe zu stillen und dämpfen, den Neid und Hass zu mindern,—und wer kann alle Bewegung des menschlichen Herzen, welche Leute regieren, und entweder zu Tugend oder Laster reitzen und treiben, erzählen?" (Aangehaal deur P. A. Gaillard in sy „Loys Bourgeoys, "Lausanne, 1948, p. 31.)

reëls waar Calvyn (a) die gesindheid waarmee gesing moet word en (b) die keuse van die tipe melodie vir die psalmboek nader omskryf: (a) „Dit is noodsaaklik om te onthou wat Paulus gesê het, (nl. dat) die geestelike liedere nie goed gesing kan word nie, behalwe uit die hart. Maar die hart vereis die verstand..... Die unieke gawe van die mens is om bewus te wees van wat hy sing" (in teenstelling met die voëls). (b) „Ten opsigte van die melodie: dit het die beste geblyk te wees dat dit gemodereer word op die wyse wat ons aangeneem het, sodat dit die gewig en majesteit wat pas by die onderwerp, kan dra.....".

Die gedagte dat die melodie ondergeskik aan die woord moet wees, het gedurende die sestiende eeu sterk opgeleef.[6] Humaniste was dit met mekaar eens dat dit in die antieke Griekse musiek die geval was en musiekteoriste, soos bv. Coclico e.a., het die eeu-oue band tussen musiek en die matematiese wetenskappe deurgesny en in die plek daarvan die herontdekte verhouding met die poësie en retoriek nader bepaal. Die merkwaardige was egter die tweespalt wat daar by humanistiese musici bestaan het tussen teorie en praktyk: Glareanus (Dodekachordon, II, Hoofstuk 38) slaan die monodie (waar die woord oorheers) baie hoog aan, maar beveel terselfdertyd Josquin des Prez[7] as model vir komponiste aan; Galilei (Dialogo-1581) spreek die banvloek uit oor kontrapunt (polifone musiek), maar publiseer in 1587 'n boek met vier- en vyfstemmige madrigale, waarin hy vryelik toegee aan die „misbruike" waarvan hy die kontrapuntiste ses jaar tevore beskuldig het. In die Geneefse Psalmboek word hierdie beginsel volledig toegepas, met behoud van die oortuigingskrag van die musiek.[8] Vir die deurwerking van hierdie beginsel, wat teen die einde van die sestiende eeu sou seëvier oor die polifone musiek, het die invloed van hierdie psalmboek (wat in die tweede helfte van die sestiende eeu 135 uitgawes in Frankryk beleef het, en sy weg gevind het o.a. na Nederland, Engeland en Duitsland, ook in die vorm van 'n homofone vierstemmige bewerking van Claude Goudimel) in die verlede feitlik onopgemerk gebly.

By die behandeling van die tekste wat as geskik vir die gebed tot en die lof van God beskou moet word, word die verwysing na die Psalms in die eerste deel van die Voorwoord (1542) verder uitgebou: „Bowendien is dit waar wat Augustinus gesê het, (nl.) dat niemand in staat is om dinge te sing wat waardig van God is nie, behalwe dié wat hy van Hom ontvang het.

6. Vgl. C. Garside: op. cit; p. 575
7. Komponis van polifone musiek, waar die woordheerskappy en -helderheid bykans onmoontlik is.
8. P. A. Gaillard: op. cit., p. 41.

Daarom, nadat ons noukeurig ondersoek ingestel het, en hier en daar gesoek het, sal ons geen beter liedere vind, nog wat beter aan die doel beantwoord nie, as die Psalms van Dawid, wat die Heilige Gees deur hom gespreek en gemaak het. En buitendien, as ons hulle sing, is ons seker dat God hulle ons in die mond lê, asof Hy self in ons sing om sy roem te verhef." In ooreenstemming met die verskil in funksie van die melodie soos gestel in die 1542- en 1543-gedeeltes van die Voorwoord, beskou Calvyn nou ook die Psalms nie slegs as geskik vir gebruik in die kerk nie (1542), maar as plaasvervangend vir wêreldse liedere: „Maar dat die wêreld so goed geadviseer mag wees om in plaas van liedere, wat gedeeltelik ydel en ligsinnig, gedeeltelik vuil en laag . . . . . is, homself hierna gewoond te maak daaraan om hierdie heilige en hemelse liedere te sing . . . . . "

* * * *

Die Geneefse Psalmboek is eers in 1562 voltooi. Reeds aan die begin van die twintig vormingsjare daarvan, het Calvyn dus al helderheid gehad oor die tipe melodie wat hy daarin gebruik wou sien, en dit was onder sy persoonlike toesig dat aan die beryming en melodieë daarvan gewerk is. Hoewel die melodieë geskryf is deur komponiste in diens van die Geneefse Raad, moet hulle daarom nogtans beskou word as 'n beliggaming van Calvyn se musiekbeskouing, soos hy dit in sy Voorwoord gestel het en daarom as die vorm wat die Calvinistiese Hervorming op die gebied van (kerk) musiek aangeneem het. Teenoor die Katolieke kerkmusiek, waarin die Woord van God opgelos word in menslike bespiegelinge (musikaal-simbolies gesien) en laasgenoemde so aan eersgenoemde gelykgestel word, staan die sobere eenvoud en krag van die Geneefse melodieë—eenvoudig en kragtig omdat hulle so innig verbonde is aan die Woord van God.

J. J. A. v.d. WALT.

——oOo——